

# 7 BELANGRIKE GEBEDE BEHALWE DIE ONSE VADER- & WEES GEGROET

## WAT KATOLIEKE BEHOORT TE KEN

### 1 DIE AKTE, DAAD OF OEFENING VAN BEROU

My God, ek het berou oor al my sondes en smeeek U om vergifnis.

Ek verafsku dit met my hele wese omdat ek as gevolg daarvan u straf verdien het, my liefdevolle Verlosser gekruisig het, en veral omdat ek U, die oneindige goeie God, daardeur beledig het.

Ek is ernstig van voorneme om met behulp van u genade, U nooit weer te beledig nie en alle moontlike sondige situasies te vermy. Amen.

# 7 BELANGRIKE GEBEDE BEHALWE DIE ONSE VADER- & WEES GEGROET

## WAT KATOLIEKE BEHOORT TE KEN

### 2 GEBED TOT DIE HEILIGE GEES

Kom Heilige Gees, vervul die harte van u gelowiges en ontvlam in hulle die vuur van u liefde.

Stuur uit u Gees en alles word herskape. En U sal die aanskyn van die aarde hernuwe.

Laat ons bid: God wat die harte van die gelowiges deur die Heilige Gees verlig en geleer het, gee dat ons in dieselfde Gees werklike wysheid mag besit, en altyd sy vertroosting mag geniet. Deur Christus, onse Here. Amen.



# 7 BELANGRIKE GEBEDE BEHALWE DIE ONSE VADER- & WEES GEGROET


## WAT KATOLIEKE BEHOORT TE KEN

### 3 DIE FATIMA-GEBED

O my Jesus, vergewe ons ons sondes en bewaar ons van die vuur van die hel. Lei alle siele na die hemel, veral die wat u barmhartigheid die meeste nodig het. Amen.

### 4 DIE JESUS-GEBED

Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. Amen.



### AANGEPASTE GETOONSETTE TEKS

Here Jesus Christus, Seun van die Vader, ontferm u oor ons sondaars.

# 7 BELANGRIKE GEBEDE BEHALWE DIE ONSE VADER- & WEES GEGROET

WAT KATOLIEKE BEHOORT TE KEN

## 5 GEBED TOT DIE AARTSENGEL MIGAEL



Heilige Aartsengel Migael, verdedig ons in die stryd. Wees ons beskerming teen die boosheid en liste van die duiwel. Ons smeek u, aanvoerder van die hemelse magte, om die Satan en alle ander bose geeste, wat op die aarde ronddwaal en siele na die verderf probeer lei, deur God se krag terug te dryf na die hel toe. Amen.

# 7 BELANGRIKE GEBEDE BEHALWE DIE ONSE VADER- & WEES GEGROET

WAT KATOLIEKE BEHOORT TE KEN

## 6 DIE MEMORARE GEBED



Gedenk o vrome  
Maagd Maria, dit het  
nog nooit gebeur dat  
enigiemand wat u om  
beskerming, hulp of  
bemiddeling gesmeek  
het, sonder enige  
bystand gelaat is nie.  
Besiel met hierdie  
vertroue, vlug ek tot u, o  
Maagd bo alle maagde, my

Moeder. Tot u kom ek, voor u kniel ek in  
sonde en verdriet. O Moeder van die  
Vleesgeworde Woord, verag nie my smeking  
nie, maar verhoor my in u genade. Amen.

# 7 BELANGRIKE GEBEDE BEHALWE DIE ONSE VADER- & WEES GEGROET

WAT KATOLIEKE BEHOORT TE KEN

## 7 SUB TUUM PRÆSIDIUM

Tot u beskerming  
vlug ons, heilige  
Moeder van  
God, verag nie  
ons smeking  
noudat ons in  
nood verkeer  
nie, bevry ons  
altyd van alle  
gevaar, o  
glorieryke en  
geseënde Maagd  
Maria. Amen.

